DIE INVLOED VAN 'N LOGOTERAPEUTIESE GROEPSAKTIWITEIT OP DIE SIN VAN DIE LEWE EN WAARDES VAN 'N GROEP GRAAD 11 LEERLINGE VAN 'N BEPAALDE GEMEENSKAP

ILKA STRAMROOD

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Lettere en Wysbegeerte (Voorligtingsielkunde) aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Mnr. H.M. de Vos

Desember 2000

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Die doel van die ondersoek was die meting van die invloed van die logoterapeutiese groepsaktiwiteit, naamlik die bergreeks-oefening, op die doel van die lewe en waardes van Graad 11 leerlinge van 'n bepaalde kultuurgemeenskap in die Wes-Kaapland.

Twee navorsingshipoteses is geformuleer, naamlik dat die logoterapeutiese groepsaktiwiteit die sin en betekenis in die lewe van Graad 11 leerlinge sal verhoog en tweedens dat die groepsaktiwiteit die waardes van die leerlinge betekenisvol sal beïnvloed.

Die nege-en-vyftig subjekte was Graad 11 hoërskool leerlinge van Macassar Sekondêr in die Wes-Kaapland. Die ondersoekgroep is ewekansig in 'n eksperimentele en kontrole groep verdeel. Twee vraelyste is toegepas: Die Betekenis in die lewe-vraelys (PIL) en die Allport-Vernon-Lindzey Waardeskaal (AVL). Nadat die eksperimentele groep die logoterapeutiese groepsaktiwiteit voltooi het, is hulle in vier diskussiegroepe verdeel, elk met sewe of agt lede. Die diskussiegroepe het twee groepsbesprekings ondergaan. Die nameting is op albei groepe gedoen om sodoende te bepaal of die logoterapeutiese groepsaktiwiteit die navorsingshipoteses ondersteun.

Die eksperimentele groep se voor- en nametingsresultate ten opsigte van hulle sinsbelewing het beduidend verskil. Die eerste navorsingshipotese is hierdeur ondersteun, naamlik dat die implimentering van die logoterapeutiese groepsaktiwiteit die sin van die lewe van die eksperimentele groep verhoog.

Die eksperimentele groep se voor- en nametingsresultate ten opsigte van die ekonomiese waarde het beduidend verskil. Die tweede navorsingshipotese is ierdeur ondersteun, naamlik dat die implimentering van die logoterapeutiese groepsaktiwiteit die waardes van die lewe van die Graad 11 leerling beïnvloed.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

The aim of this study was to measure the influence of a logotherapy activity, the mountain range exercise on the purpose in life and values of Grade 11 scholars of a specific culture community in the Western Cape.

Two research hypotheses were formulated; firstly, that the logotherapy activity will help to heighten the meaning in the lives of Grade 11 scholars and, secondly, that the logotherapy activity would influence the values of Grade 11 scholars.

The fifty-nine subjects used in the study were Grade 11 scholars at Macassar High School in the Western Cape. The subjects were divided into an experimental and control group. Two questionnaires were used in the study: the Purpose in Life-test (PIL) and the Allport-Vernon-Lindzey Study of Values (AVL). After the experimental group completed the logotherapy activity they were divided into four discussion groups, each group consisting of seven or eight subjects. The groups underwent two discussion sessions. The experimental group completed the logotherapy activity and a post-test was carried out on both groups.

Results showed a significant difference between the pre-test and post-test of the experimental group on the Purpose in Life-test. The first research hypotheses is hereby supported; that is the implementation of the logotherapy activity heighten the meaning in the lives of the experimental group.

The pre-test and post-test results of the experimental group differed significantly with regard to the economic value. The second research hypotheses is hereby supported, that is, the implementation of the logotherapy activity will influence the values of Grade 11 scholars.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie werk is die resultaat van 'n navorsingsprojek wat van dieselfde omvang is as wat van tesisse vir 'n gerigte Meestersgraad vereis word.

Die Departement Sielkunde het die reëling dat die verslag van die navorsing in die formaat van 'n wetenskaplike tydskrifartikel mag wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BEDANKINGS

Besondere waardering en opregte dank word betuig aan:

Mnr. H.M. de Vos, vir sy waardevolle insigte en leiding tydens die voltooiing van hierdie studie.

My man, Ryan, vir sy liefde, ondersteuning en voortdurende aanmoediging.

My pa, ma, broer en ouma Susan vir hulle liefde, ondersteuning en betekenisvolle diskussies rakende die onderwerp van hierdie studie.

Die Stramroodfamilie, vir hulle opregte belangstelling en bystand.

Marieanna le Roux vir die verwerking van die statistiek en die hulpvolle besprekings rakende die resultate.

Macassar Sekondêr, vir hul bydra tot die ondersoek.

Tanya Walters vir die taalversorging van die finale dokument.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
BYLAES	ii
LYS VAN TABELLE	iii
1. Inleiding	1
2. Motivering en doelstellings	2
3. Teoretiese grondslae	3
3.1. Eksistensialisme en logoterapie	3
3.2. Ontwikkelingsperspektief van die adolessent	5
3.3. Opvoedkundige perspektief van die adolessent	7
4. Literatuuroorsig	8
5. Metode van ondersoek	10
5.1. Hipotesestellings	10
5.2. Steekproefneming	10
5.3. Meetinstrumente	11
5.3.1. Betekenis in die lewe-vraelys (PIL)	11
5.3.2. Allport-Vernon-Lindzey Waardeskaal (AVL)	12
5.3.3. Kwalitatiewe inligting	13
5.4. Prosedure	13
5.5. Statistiese ontleding	15
6. Resultate	16
7. Bespreking en Gevolgtrekking	20
VERWYSINGSLYS	25

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAES

BYLAE 1 Die Betekenis in die lewe-vraelys

BYLAE 2 Die Allport-Vernon-Lindzey Waardeskaal

BYLAE 3 Bergreeks-sketse

BYLAE 4 Kwalitatiewe inligting: opstelle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABELLE

Tabel 1: Die voor- en natoets resultate van die eksperimentele en kontrole groepe ten opsigte van die Betekenis in die lewe-vraelys (PIL) 15

Tabel 2: Wilcoxson resultate van die subjekte in die eksperimentele groep wat onder 91 op die Betekenis in die lewe-vraelys (PIL) behaal het 16

Tabel 3: Die voor- en natoets resultate van die eksperimentele en kontrole groepe ten opsigte van die AVL waarde-vraelys 17

Tabel 4: Die Mann-Whitney resultate van die eksperimentele en kontrole groepe voortoets op die PIL- en AVL-vraelys 18

Tabel 5: Die Mann-Whitney resultate van die eksperimentele en kontrole groepe natoets op die PIL- en AVL-vraelys 19

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. Inleiding

Verskeie skrywers (Frankl, 1997; Roffey, 1993) dui aan dat menigte mense in die moderne samelewing 'n leegheid binne hulself ervaar en hulle soek na iets of iemand buite hulleself om hierdie leegheid te vul. Hierdie gevoel van innerlike leegheid en die onvermoë om sin en betekenis in die lewe te ervaar, is 'n algemene fenomeen van die twintigste eeu en Frankl (aangehaal in Coetzer, 1997; Corey, 1996) tipeer die verskynsel as die eksistensiële vakuum. Long (1995) het voorspel dat soos die jaar 2000 nader, dit vir die mensdom moeiliker sal word om betekenis en sin in die lewe te vind. Verskeie skrywers (Long, 1995; Ruffin, 1984; Soderstrom & Wright, 1977) is van mening dat die mens in die huidige eeu homself in 'n ernstige dilemma bevind, en dat die geestesgesteldheid van hierdie tydperk deur vertwyfeling en betekenisloosheid oorheers word. Die gevoel van innerlike leegheid en 'n gebrek aan sin en betekenis kan uitgedruk word in verskillende wyses byvoorbeeld, lae selfbeeld, waarde-verwarring, eetversteurings en alkohol- en dwelmmisbruik (Cushman, 1990).

Iwundu (1988) dui aan dat die vraag na sin en betekenis nie alleenlik 'n dilemma in die Eerste Wêreld is nie maar ook in ontwikkelende lande, soos byvoorbeeld in Afrika. Skrywers (Asagba, 1993; Frankl, 1992) dui aan dat logoterapeutiese groepsintervensies in ontwikkelende lande, waar ekonomiese krisisse pyn en lyding tot gevolg het, 'n bydrae kan lewer om die lande te transformeer in 'n beter plek om in te lewe. Die logoterapeutiese ervaring om betekenis te vind moedig individue aan om weg te beweeg van die negatiewe aspekte in hulle lewe en meer positief en gemotiveerd oor hulle lewe en toekoms te voel (Ernzen, 1990; Frankl, 1986).

Die jeug wat as die toekoms van die samelewing gesien word, is volgens Frankl (1997) spesifiek die generasie wat deur die gevoel van betekenisloosheid geaffekteer word. Jeugdiges "ontsnap" nie aan die gemis van betekenis in die lewe van 'n veranderde samelewing nie. Menigte jongmense sien hulleself as die generasie met geen toekoms en voel verlore in 'n siklus van apatie, verveeldheid en 'n tekort aan motivering (Van Wijk, 1995). Volgens Frankl (1984) is dit veral die adolessent wat geraak word deur die hedendaagse versnelling in die pas van die lewe, wat gekenmerk word aan onsekerhede en gebrek aan doelwitte. Dienelt (1984) en Lukas (1986) dui aan dat die jeug hoofslagoffers is van 'n "geestelike besoedeling" wat aan 'n gebrek aan sin en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

betekenis gekenmerk word. Die gevolg hiervan, volgens Frankl (1992), is die drastiese verandering in die probleme wat jongmense ervaar, naamlik die toename in eksistensiële vrae oor die betekenis van die lewe asook die toename in selfmoord. Die algemene probleme waarmee die jongmense van vandag gekonfronteer word is, onder andere, onsekere ekonomiese toestande, verhoogde werkloosheidsyfer, afbreek van tradisies, behoefte om nuwe waardes te vind, verminderde familie ondersteuning en groter kompetisie wat lei tot stres en angs. Die angs en leegheid wat die jeug ervaar gee aanleiding tot sielkundige probleme byvoorbeeld aggressie, verslawing en depressie (Fabry, 1988(a); Frankl, 1997; Lukas, 1986; Roberts, 1982).

2. Motivering en doelstellings

Bogenoemde bevindings, asook die navorser se eie ervarings in 1998 as deel van die *Macassar Gemeenskapsielkundeprojek* van die Eenheid van Studentevoorligting van die Universiteit van Stellenbosch het aanleiding gegee tot die ondersoek. Die behoeftebepaling onder die adolessente van die bepaalde kultuurgemeenskap het getoon dat die jeugdiges 'n lae selfbeeld het, en dat alkohol- en dwelmisbruik, waarde-verwarring asook selfmoordneigings, gebrek aan motivering en veral 'n gemis aan betekenis in die lewe voorkom. Laasgenoemde bevindings van die Gemeenskapsprojek strook met die gemeenskapsprofiel saamgestel deur Liddle (1998) oor dieselfde gemeenskap.

Logoterapeutiese navorsing (Dienelt, 1984; Fabry, 1988(b); Frankl, 1992; Lukas, 1986; Stecker, 1981) dui aan dat logoterapeutiese groepsintervensies met jeugdiges hul ondersteun in die ontwikkeling van 'n geïntegreerde waardestelsel, hul betekenis in die lewe versterk en hul motivering verhoog. Die groepsintervensies daag die eksistensiële vakuum onder hedendaagse jeugdiges uit en verminder die simptome daarvan deur hulle te help om betekenis te ontdek of te herontdek (Dienelt, 1984; Fabry, 1988(b); Frankl, 1992).

Die navorsingsvraag wat die ondersoek graag wil aanspreek is of 'n logoterapeutiese groepsintervensie, naamlik die bergreeks oefening, die betekenisvolheid van die lewe by 'n groep adolessente verhoog al dan nie. 'n Newe-doelstelling van die ondersoek was of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die adolessente se waardes deur die groepsintervensie betekenisvol beïnvloed gaan word of nie.

3. Teoretiese grondslae

Die huidige ondersoek is begrond in 'n eksistensiële raamwerk en daarom is dit eerstens belangrik om 'n kortlikse uiteensetting te gee van die belangrikste uitgangspunte van die eksistensiële sielkunde. Tweedens sal ook teoreties aandag geskenk word aan die belangrikste ontwikkelingsperspektief, en laastens aan die opvoedkundige perspektief van die adolessent binne die konteks van die ondersoek.

3.1. Eksistensialisme en Logoterapie

Die mens word, vanuit 'n eksistensiële benadering, beskou as meer as net liggaam en psige. Frankl (Coetzer, 1997; de Vos, 1993) onderskei ook 'n derde dimensie, naamlik die geestelike. Die geestelike aspek vorm die eksistensiële kern van die mens en het tot gevolg dat die mens as 'n geïntegreerde eenheid kan funksioneer. Vir die mens om na sy volle potensiaal te groei, moet al drie dimensies in verhouding met mekaar ontwikkel.

Volgens Frankl (1997) beskik die mens oor die geestelike vermoë van selftransendensie. Dit is die vermoë wat die mens het om bo hom- of haarself uit te styg en uit te reik na 'n saak of iemand buite hom- of haarself (de Vos, 1993). Frankl (1997) dui aan dat: *"Being human always relates and points to something other than itself, better to say, to something or to someone"* (p. 5). Hierdie selftransenderende vermoë is, volgens Frankl, die belangrikste motiverende faktor van menslike gedrag (de Vos, 1993). Die selftransenderende potensiaal laat die mens uitreik na sin, stel die mens in staat om bo negatiewe omstandighede uit te styg en het tot gevolg dat die mens nie volslae afhanklik is van eksterne magte nie (Frankl, 1997). Die mens vra nie wat die lewe aan hom of haar kan bied nie, maar wel wat die mens ten spyte van sy omstandighede aan die lewe en ander kan gee. Deur 'n diens te lewer, ander te help, ideale na te jaag, of deur lief te wees vir ander, verskuif die individu se fokus van selfgerigtheid na 'n gevoel van betekenis asook om van waarde te wees in 'n gemeenskap (de Vos, 1993; Frankl, 1969; Kroon, 1997; Snyman, 1997). Deur selftransendensie leer die mens hom-/haarself ken en word hy/sy meer bewus van wie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hy/sy is, wat hy/sy kan word en watter betekenisse hy/sy kan vervul (Coetzer, 1997; de Vos, 1993; Frankl, 1997).

Op grond van sy teoretiese insigte en ervarings het Frankl die vraag na die sin van die lewe as basis geneem vir sy teorievorming van logoterapie en die noodsaaklikheid van beide die geestelike faktor en betekenisvolheid in menslike ervaring beklemtoon (Mostert, 1978). Verdere doelstellings met logoterapeutiese intervensies is om die mens se geestelike gesondheidsfunksionering aan te spreek. Volgens Frankl (1972) is die mens se graad van betekenisbelewing 'n aanduider van sy of haar geestelike gesondheidsfunksionering. 'n Gevoel van sin of betekenis in die lewe moedig die geestelike groeipotensiaal van die mens aan en is belangrik vir beide fisiese gesondheid en sielkundige aanpassing (Corey, 1996). Gebrekkige betekenisvervulling kan die mens laat begin streef na plesier of mag as plaasvervangers vir sy behoefte aan sin en betekenis dien en kan geestelik-emosionele wanaanpassing tot gevolg hê (Corey, 1996; Crumbaugh, 1968).

'n Duideliker omskrywing en verheldering van wat Frankl onder logoterapie verstaan, sal kortliks bespreek word. Die woord *'logos'*, afkomstig van die Griekse taal, beteken "sin", "woord" of "waarheid". In die konteks wat Frankl bedoel, beteken dit "singewing aan die lewe" of "om die lewe betekenisvol te ervaar" (de Vos, 1993). Logoterapie is dus 'n terapie wat primêr fokus op die betekenisgewende prosesse van die mens (Coetzer, 1997; Corey, 1996). Opsommend kan sin en betekenis omskryf word as "*idiosyncratic moments, values, people, experiences, tasks, attitudes, etc. that constitute one's sense of uniqueness and reason (s) for living"* (Olive, 1990, p. 131).

Betekenis in die lewe word egter nie toevallig gevind nie, die mens moet dit self skep en vorm. Logoterapeutiese intervensies spreek die kreatiwiteit van die mens aan en motiveer individue in die proses om nuwe wyses te ontdek om op 'n sinvolle manier betekenis te vind (Corey, 1996; Frankl, 1997; Silvius, 1984). Die hoofdoel van logoterapeutiese intervensies met die mens is om sin te ontdek, waardes te verwesenlik, vryheid te beleef en verantwoordelikheid te aanvaar (Frankl, 1988; Frankl, 1997; Morgan, 1983). Navorsing in die verband (Frankl, 1969; Shantall, 1996) toon aan dat indien betekenis ontdek en ervaar word die individu meer geïnspireer en gemotiveerd voel en dat die besef van toekomsgerigtheid verhoog word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die konteks van logoterapie ontstaan betekenis onder andere van waardes en word dit as 'n bron van motivering gesien. Logoterapie beklemtoon die unieke betekenis wat elke mens in 'n spesifieke situasie ervaar. Alhoewel daar geen sprake is van 'n universele betekenis in die lewe nie, het baie situasies iets in gemeen en baie betekenisse word tot 'n mate deur mense in die samelewing en geskiedenis gedeel. Hierdie vorme van betekenisse, wat deur verskillende mense as dieselfde ervaar word, word waardes genoem (Morgan, 1983).

Waardes is belangrike faktore in die determinering van lewensdoelwitte en die soeke na betekenis (Kroon, 1997; Meyer, 1997; Roffey, 1993). Die eerste stap in die proses om uit te werk wat 'n mens wil doen in sy/haar lewe is om waardes na die oppervlakte te bring. Waardebewustheid het eerstens tot gevolg dat doelwitte duideliker ontwikkel word en tweedens voorkom dit dat doelwitte ontwikkel word wat op ander persone se waardes gebaseer is. Persone wat doelwitte ontwikkel wat gebaseer is op die waardes van ander, mag aggressie, depressie, verslawing en 'n eksistensiële vakuum ervaar (Hutzell, 1986).

3.2. Ontwikkelingsperspektief van die adolessent

Dit is belangrik om kortliks die ontwikkelingsperspektief van die adolessent ten opsigte van betekenis in die lewe aan te spreek.

Vyftig jaar gelede was adolessensie slegs 'n kort tussenfase op pad na volwassenheid maar vanaf die sestigerjare het dit 'n lang, pynlike fase geword, met baie pogings om "hulleself te vind" (Lukas, 1986). Volgens medici (aangehaal in Lukas,1986) ontwikkel die hedendaagse jongmens se fisiese en psigiese dimensies vroeër as in die verlede. Die gevolg hiervan, volgens Lukas (1986), is dat die psige gekonfronteer word met situasies en ervarings wat nog nie hanteer kan word nie, soos byvoorbeeld emosioneel gevorderde seksuele ervarings en voortdurende gesinskonflikte. Hierdie psigies-geestelik onryp jeugdiges struikel van die een moeilike taak en uitdaging na die volgende, terwyl hulle terselftertyd wild protesteer dat die lewe te veel van hulle vereis (Lukas, 1986). Dikwels lei dit daartoe dat jongmense misluk in hulle pogings om aan die ontwikkelingsstadium se eise te voldoen en hulle dan tot skadelike en destruktiewe gedrag wend (Lukas, 1986).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ontwikkelingsteorieë (aangehaal in Gerdes, 1988; Corey, 1996) dui aan dat adolessensie tydens die oorgangsfase na vroeë volwassenheid (18-22 jaar) deur 'n kritiese draaipunt gekenmerk word, naamlik, die verwerwing van identiteit. Hierdie ontwikkelingstaak bring toenemende gevoelens van angstigheid, onsekerheid, verwarring en spanning vir die adolessent mee (Corey, 1996; Purvis, 1979). Die wil-tot-sin ontstaan tydens die jeugtydperk en die jongmens begin vrae vra oor die betekenis van sy lewe (Purvis, 1979). Hierdie soeke na betekenis is 'n poging van adolessente om hulle lewens "leefbaar" te maak en indien hulle nie betekenis in hulle aksies en gedrag vind nie, verlaag hulle motivering en ervaar hulle mislukking (Lukas, 1986; Van As, 1997). Vir die jeugdige is dit belangrik om te glo dat daar 'n doel in al sy verwarring en onsekerheid is en in die ontwikkelingsstadium bied betekenisvervulling 'n perspektief en fokus aan die jeugdige (Van As, 1997).

Teorieë (Gerdes, 1988; Iwundu, 1988) dui verder aan dat dit een van die jeugdige se hooftake tydens adolessensie is om sy eie waardestelsel te ontwikkel. Die jeugdige bevind homself in 'n soort "grensposisie" waar hy bewus is van teenstrydighede en terselftertyd ook sensitief is vir ideologiese, morele en godsdienstige strydvrae (Gerdes, 1988). Indien die jeugdige egter bewus word van sy of haar waardes en take wat voltooi kan word, sal betekenis-strukture ontwikkel word en meer sin ervaar word (Lukas, 1986). Waardes bied riglyne aan die jeugdige waarvolgens gedrag gerig kan word, keuses oorweeg kan word en lewensoogmerke omlyn kan word. Waardebewustheid ondersteun die adolessent se ontwikkelingsproses na 'n jong volwassene wat 'n wêreld tegemoet gaan waarvoor hy/sy verantwoordelik kan voel en wees.

Lukas (1986) dui aan dat volwassenes reeds betekenisvolle ervarings gehad het en gedeeltelik sukses behaal het in hulle soeke na betekenis. In kontras hiermee is jongmense nog nie aan genoegsame geleenthede blootgestel om hulle betekenis-strukture te ontwikkel nie (Lukas, 1986). Hulle bestaan is vol van ongeleefde moontlikhede en om hierdie rede word die soeke na betekenis vir die jeugdige meer dringend (Lukas, 1986; Shantall, 1996). Waardes, besluitnemings en die soeke na betekenis is dus van kardinale belang tydens adolessensie en die jeugdige moet erns daarmee maak (Van As, 1997).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3. Opvoedingkundige perspektief van die adolessent

In *Man's search for meaning* dui Frankl (aangehaal in Pohlers, 1983) aan:

> *Man's search for meaning and values may arouse inner tension rather than inner equilibrium. However.... there is nothing in the world....that would so effectively help one to survive even the worst conditions, as the knowledge that there is a meaning in one's life.* (p. 83)

Dienelt (1984) rapporteer dat 'n tekort aan eksistensiële spanning deur die jeug ervaar word indien hulle nie genoegsaam deur rolmodelle, wie hulle bystaan in hul opvoedingsproses, uitgedaag word om betekenis in hulle lewe te vind nie. Hierdie tekort aan eksistensiële spanning word verkeerdelik deur die jeug gekanaliseer na ongewensde gedrag byvoorbeeld die uittarting van outoriteitsfigure, aggressie en dwelmmisbruik (Dienelt, 1984).

Benewens uniekheid, betekenisgewende prosesse, en eksistensiële spanning, spreek logoterapie die mens opvoedkundig aan.

Die logoterapeutiese uitgangspunt dat die mens as 'n drie-dimensionele wese funksioneer, ondersteun dat individue ooreenstemmend met hulle natuurlike, geïntegreerde natuur - naamlik liggaam, psigiese en geestelike - opgevoed moet word (Dansart, 1993). Dansart (1993) dui aan dat opvoedkundige rolmodelle, doelwitte en instansies die geestelike aspek van individue verwaarloos en daar meestal op die liggaamlike en psigiese aspekte gefokus geword. Die huidige verwaarlosing van die geestelike aspek en tekort aan eksistensiële spanning beïnvloed die geestelike groeipotensiaal van die individu nadelig en kan geestelike-emosionele wanaanpassing tot gevolg hê (Dansart, 1993).

Een van die belangrikste opvoedingstake is om jongmense te laat ontwikkel tot volwassenheid sodat hulle 'n wêreld kan betree waarvoor hulle verantwoordelik kan voel (Hirsch, 1998; Lukas, 1986; Snyman, 1997). Om bogenoemde opvoedingsdoelstelling te bereik en geestelike groei te ondersteun, is dit noodsaaklik dat jeugdiges tydens die adolessente fase opgevoed en aangemoedig word om 'n eie lewensbeskouing,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geïntegreerde waardestelsel en identiteit te ontwikkel en die betekenis in hulle lewe te eksploreer (Dansart, 1993; Hirsch, 1998; Snyman, 1997; Wilson, 1997). Snyman (1997) dui aan dat logoterapeutiese beginsels en intervensies baie ooreenstem met opvoedingsdoelstellings en die essensies van volwassenheid, naamlik, sinvolheid van bestaan, selfbeoordeling, selfbegrip, verantwoordelikheid, menswaardigheid, norm-identifikasie en lewensopvatting. Logoterapeutiese beginsels en intervensies bied dus hulpvolle riglyne en geleenthede om die opvoeding van die adolessent suksesvol aan te spreek (Addad, 1994; Hirsch, 1998).

Die huidige gebrek aan sin en betekenis, die ontwikkelingsfase, sowel as die gebrekkige doelwitte rakende die opvoeding van die adolessent, stel dus 'n konteks waarbinne die logoterapeutiese groepsoefening in 'n wesentlike behoefte kan voorsien. Eksistensiële terapie voorsien die konseptuele raamwerk om adolessente te help in die proses om hulle onderliggende waardestelsel na vore te bring en om die betekenis en sin in hulle lewe uit te daag (Dansart, 1993; Dienelt, 1984; Frankl, 1978; Hirsch, 1998; Lukas, 1986; Roffey, 1993).

4. Literatuuroorsig

Die belangrikste teoretiese uitgangspunte van die eksistensiële, ontwikkelings- en opvoedkundige perspektiewe, binne die konteks van die ondersoek, word navorsingsgewys goed gerugsteun. Vervolgens gaan gekyk word na relevante navorsing wat in hierdie verband alreeds gedoen is.

Frankl (1992) het tydens sy betrokkendheid by jeugsentrums veranderings aangedui in die probleme wat die hedendaagse jeug ervaar. Jeugdiges het toenemende eksistensiële vrae oor die betekenis in die lewe gehad. Tydens 'n Amerikaanse studie (Frankl, 1980) het 73,7% jeugdiges gesê dat hulle vir betekenis in die lewe soek. 'n Logoterapeutiese studie in Vienna (Frankl, 1972) toon dat die eksistensiële vakuum wat deur jeugdiges ervaar word, verhoog het van 30% na 81% oor 'n tydperk van twee jaar. Navorsers (Dienelt,1984; Fabry, 1988(a); Frankl, 1992; Lukas, 1986; Robert, 1982; Stecker, 1981) wys daarop dat die eksistensiële vakuum, wat spesifiek onder die akademiese jeug uitbrei, aanleiding gee tot verskeie sielkundige- en gedragsprobleme, soos byvoorbeeld aggressie, verslawing, depressie en selfmoord.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Navorsing (Ausubel, 1957; Frankl, 1967; Frankl, 1986; Kalmar, 1988; Shantall, 1996) dui aan dat die vervreemding van, en tekort aan, belangrike waardes lei tot 'n eksistensiële vakuum en 'n betekenislose lewe. Logoterapeutiese studies (Dansart, 1993; Frankl, 1986; Lukas, 1986; Hutzell, 1986) ondersteun die belangrikheid van die verheldering en eksplorering van die jeugdige se eksistensiële waardes omrede dit rigting aan die adolessent se lewe gee, nuwe ervarings open, asook lei tot persoonlike betekenis en die ontwikkeling van doelwitte.

Navorsing deur Hutzell en Ernzen (aangehaal in Ernzen, 1990) toon dat die logoterapeutiese groepsaktiwiteit wat in hierdie ondersoek toegepas is, naamlik die bergreeks-oefening, 'n betekenisvolle oefening is om individue aan te moedig om hulle uniekheid te herken en van hulle waardes bewus te word. Die oefening moedig die individu aan om bewus te word van ander mense se waardes wat in hy/sy in sy/haar waardestelsel geïngekorporeer het. Verder word die oefening gebruik om individue die geleentheid te bied om hulle lewensuitkyk te verbreed, die positiewe in hulle lewe te herken en die lewe vanuit 'n ander perspektief te benader (Ernzen, 1990; Frankl, 1986). Ernzen en Hutzell (aangehaal in Ernzen, 1990) dui aan dat individue na die toepassing van die logoterapeutiese groepsoefening meer gemotiveerd gevoel het ten opsigte van hulle lewensdoelwitte. Hutzell (aangehaal in Ernzen, 1990) rapporteer dat 'n bepaalde groep na die toepassing van die bergreeks-oefening die volgende veranderinge op die Betekenis in die lewe-vraelys (PIL) aangebring het: die lewe kom meer opwindend en betekenisvol voor, hulle ervaar hulle dae minder eentonig, hulle het meer vordering ten opsigte van lewensdoelwitte gemaak en hulle is minder bang vir die dood.

Die fundamentele beginsels van die eksistensieël-humanitêre sielkunde is van groot waarde vir diegene wat gevoelens van leegheid en 'n tekort aan persoonlike betekenis ervaar (Bugental & Bracke, 1992; Corey, 1996). Met empiriese navorsing (Crumbaugh, 1968; Frankl, 1969; Sappington & Kelly, 1995) is bevind dat betekenisbelewing verband hou met effektiewe funksionering in 'n verskeidenheid lewensareas.

Die logoterapeutiese benadering is funksioneel en toepaslik op alle ouderdomsgroepe en volgens navorsers is dit veral van toepassing op diegene wat met ontwikkelingskrisisse worstel, soos byvoorbeeld die adolessent (Bugental & Bracke,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1992; Corey, 1996). Navorsing (Bugental & Bracke, 1992; Corey, 1996; Dienelt, 1984; Fabry, 1988(a); Frankl, 1992; Hutzell, 1986; Lukas, 1986; Stecker, 1981) ondersteun dat logoterapie die gebrek aan sinsbelewing en gevoelens van ongemotiveerdheid en leegheid van adolessente doeltreffend kan aanspreek.

5. Metode van ondersoek

5.1. Hipotesestellings

Die volgende hipoteses word gestel:

- Die logoterapeutiese groepsaktiwiteit verhoog die sin van die lewe van Graad 11 leerlinge
- Die logoterapeutiese groepsaktiwiteit het 'n betekenisvolle invloed op die waardes van Graad 11 leerlinge

5.2. Steekproefneming

Die studiepopulasie was die Graad 11 leerlinge van Macassar Sekondêre Skool (N=87). Macassar is ongeveer 35 km van die Metropool van Kaapstad en 13 km vanaf Somerset-Wes geleë. Volgens die Macassar gemeenskapsprofiel (Liddle, 1998) word die volgende probleme onder adolessente in hoërskole ervaar: swak selfbeeld, dwelm- en alkoholverslawing, bende-aktiwiteite, vroeë skoolverlatings en verhoogde tienerswangerskappe.

'n Steekproef is getrek met behulp van die Betekenis in die lewe-vraelys (PIL). Alle Graad 11 leerlinge met 'n roupunttelling laer as 113, wat 'n beduidende lae sin en betekenis in die lewe verteenwoordig (Crumbaugh & Henrion, 1988), is geselekteer (N=60). Die steekproef is ewekansig toegewys aan 'n eksperimentele groep (N=30) en kontrole groep (N=29).

Die ouderdomme van die eksperimentele groep het gewissel tussen die ouderdomsgrense van 17 en 19 jaar (Mdn=18,13; SA=1,28). Die ouderdomme van die kontrole groep het gewissel tussen die ouderdomsgrense van 17 en 19 jaar (Mdn=17,93;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SA=1,10). As gevolg van 'n siektetoestand kon een proefpersoon van die kontrole groep na die eerste sessie nie meer aan die groepsaktiwiteit deelneem nie.

5.3. Meetinstrumente

Die Betekenis in die lewe-vraelys (PIL) en die Allport-Vernon-Lindzey Waardeskaal (AVL) is in die ondersoek gebruik.

5.3.1. Betekenis in die lewe-vraelys (PIL)

Die PIL-vraelys is gebruik om die graad van sin en betekenis wat deur die Graad 11 leerling ervaar word, te meet. Die PIL is 'n selfbeoordelingsvraelys en bestaan uit 20 items wat elk op 'n 7-punt Likert-tipe skaal beoordeel word. Roupunte bo 113 op die PIL dui die teenwoordigheid van sin en betekenis in die lewe aan, terwyl roupunte onder 91 voorstel dat daar 'n gebrek aan sin en betekenis is (Crumbaugh & Henrion, 1988). Tellings tussen 91 en 113 verteenwoordig 'n mate van onsekerheid met betrekking tot lewensin (Hutzell, 1988).

Navorsing (du Plessis aangehaal in Henning, 1986) toon dat alhoewel die vraelys nie vir Suid-Afrikaners gestandaardiseerd is nie, die vraelys wel in Suid-Afrikaanse omstandighede gebruik kan word. Routellings is in hierdie ondersoek vir ontledingsdoeleindes gebruik.

Die verdeelde-helfte betroubaarheidskoëffisiënt van die PIL is deur Crumbaugh en Maholick (aangehaal in Crumbaugh & Henrion, 1988) aangedui as 0.81, wat deur Spearman-Brown hersien is na 0.90. Crumbaugh en Henrion (1988) rapporteer dat die volgorde van tellings van die PIL-gemiddeldes vir vier nie-pasiënt populasies korrek voorspel is en dat die konstrukgeldigheid goed deur navorsing ondersteun word. Kriterium geldigheidskoëffisiënte van onderskeidelik 0.38 (N=50, terapeute) en 0.47 (N=120, predikante) is gevind (Crumbaugh & Henrion, 1988). Hutzell (1988) dui aan dat die gesigsgeldigheid van die PIL-vraelys voldoende is omrede dit blyk dat die items gemeet het wat hulle veronderstel was om te meet.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.2. Allport-Vernon-Lindzey Waardeskaal (AVL)

Die AVL-vraelys is toegepas om die belangrikheid van ses basiese waardes, naamlik die teoretiese, ekonomiese, estetiese, sosiale, politiese en godsdienstige, by die Graad 11 leerling te meet.

Die ses waardes of belangstellings in persoonlikheid kan soos volg opgesom word (Steel, 1979; Van Wijk,1995):

a) Die teoretiese persoon se hoofbelangstelling is om die waarheid objektief bloot te lê en om kennis te verkry. Die persoon gaan empiries, krities en rasioneel te werk. Beoordelings word nugter en saaklik deur waarneming en redenering gemaak en die persoon kan beskryf word as 'n intellektualis, 'n wetenskaplike of 'n filosoof.
b) Die ekonomiese persoon is geïntresseerd in dit wat bruikbaar en nuttig is. Dit is vir die persoon belangrik om hierdie nuttigheidsfaktor prakties aan te wend in die besigheidswêreld en om fisiese behoeftes te bevredig. Die persoon is prakties ingestel, en is geïntresseerd in byvoorbeeld die vermeerdering van tasbare welstand om die lewe fisies aangenaam en gerieflik te maak.
c) Dit is vir die estetiese persoon belangrik om die hoogste bevrediging te vind in harmonie en vorm. Die persoon gee voorkeur aan vakrigtings soos taal, literatuur en geskiedenis. 'n Belangstelling in die kunssinnige sy van die lewe word voorop gestel en die persoon skat sy/haar individualiteit hoog.
d) Die sosiale persoon beskou liefde vir mense as die hoogste waarde. Die persoon is simpaties, onselfsugtig, vriendelik en strewe na 'n houding van medemenslikheid wat selfsug afkeur.
e) Dit is vir die politiese persoon belangrik om mag en gesag te besit. Die persoon sien rykdom as 'n manier waarop mense beïnvloed en regeer kan word. Die persoon forseer sy eie siening op ander mense om hulle sodoende tot dieselfde standpunt as sy/haar eie te oorreed.
f) Die hoogste waarde vir die religieuse persoon word beskou as "eenheid". Geloof in God word as die hoogste waarde-ervaring beskou en aanduidings van God word in alle positiewe lewenswaardes gevind. Die persoon beskou byvoorbeeld ekonomiese middele as gawes van God en kennis ondergeskik aan die geloof.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Steel (1979) het die oorspronklike AVL skaal gewysig ten einde die ipsatiewe tellings op die vraelys om te skakel na normatiewe tellings. Hierdie aangepaste skaal is in die studie gebruik. Elke stelling word op 'n vyfpunt-skaal van belangrikheid of wenslikheid beoordeel.

Studies toon aan dat die geldigheid en betroubaarheid van die skaal wat normatiewe tellings lewer, dieselfde of selfs hoër is as die oorspronklike skaal (Steel, 1979). Volgens Allport, Vernon en Lindzey (1970) is die verdeelde-helfte betroubaarheid van die AVL 0,90. Steel (1979) rapporteer dat die hertoetsbetroubaarheid van die AVL se betroubaarheidskoëffisiënte wissel tussen 0.77 en 0.93. Die geldigheid van die meetinstrument is deur studies bepaal deurdat verskillende studie- en beroepsgroepe met mekaar vergelyk is. Die resultate het getoon dat die AVL goed kan differensiëer tussen studente in verskillende studierigtings, sowel as tussen verskillende beroepsgroepe (Allport et.al., 1970). Volgens studies van Pirnot en Dustin (aangehaal in Van Wijk, 1995) is die AVL, as algemene indikator van basiese lewenswaardes, een van die betroubaarste meetinstrumente.

5.3.3. Kwalitatiewe inligting

Kwalitatiewe inligting ten opsigte van die leerlinge se ervarings is van 'n eksistensiële-fenomenologiese oogpunt ingesamel. 'n Oop vraag is aan die proefpersone gestel oor hulle ervaring ten opsigte van die geïntegreerde logoterapeutiese groepsoefening en hulle het 'n opstel of paragraaf hieroor geskryf. Die bepaalde temas wat die kwalitatiewe inligting navore gebring het, word in die bespreking (p. 21) aangeraak. Die kwalitatiewe inligting is in Bylae 4 vervat.

5.4. Prosedure

Toestemming is aan die navorser gegee om die Graad 11 leerlinge van Macassar Sekondêr as proefpersone vir die ondersoek te gebruik. Die PIL- en die AVL-vraelyste is deur die Graad 11 leerlinge (N=87) van Macassar Sekondêr afgeneem. Voor die afneem van die vraelyste is daar aan die leerlinge verduidelik dat die navorser besig is met navorsing wat handel oor sinsbelewing. Die proefpersone is aangemoedig om eerlik op die vrae te antwoord en is daarvan verseker dat die inligting vertroulik hanteer word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die logoterapeutiese groepsaktiwiteit, naamlik die bergreeks-oefening, is op die eksperimentele groep toegepas. Die oefening het bestaan uit twee geïntegreerde fases. Tydens fase een is 'n tekening deur elke proefpersoon voltooi en tydens fase twee is groepsbesprekings gehou.

Fase een van die logoterapeutiese groepsaktiwiteit is tydens 'n oggend deur die eksperimentele groep (N=30) voltooi. Papier, inkleurpotlode en genoeg tyd is aan die proefpersone gegee om elk 'n bepaalde skets te teken. Die proefpersone is gevra om na hulle lewe te kyk soos wat mens na 'n bergreeks sou kyk. Hulle is aangemoedig om rolmodelle of 'n enkele individu, wat 'n belangrike rol in hulle lewe gespeel het, speel, of wie hulle waarlik lief het, op die "kruine" van hulle bergreeks-skets te teken. Wat sien hulle ? Wie plaas hulle op die pieke wat voor hulle uitstrek ? Wie is die mense wat hulle lewe beïnvloed het ? Bogenoemde beginsels is as riglyne aan die proefpersone gegee. Die proefpersone het egter die keuse en vryheid gehad om die "berggreeks" te teken volgens hulle eie unieke interpretasie en siening. Die uniekheid van 'n individu is mees sigbaar in kreatiewe situasies en persoonlike verhoudings. Kreatiewe aksies byvoorbeeld skryf, teken, of om 'n dagboek te hou, bied aan die individu die geleentheid om hom-/haarself te distansiëer van sy/haar alledaagse lewe en om sy/haar lewe vanuit 'n ander perspektief te bekyk (Frankl, 1992; Fabry, 1988(b); Welter, 1994).

Fase twee van die logoterapeutiese groepsaktiwiteit behels groepsbesprekings. Nadat die proefpersone elk hulle bergreeks-skets voltooi het, is hulle in vier afsonderlike groepe verdeel. Die groepe, bestaande uit onderskeidelik sewe of agt proefpersone, is elk blootgestel aan twee groepbesprekings (van ongeveer 45 minute elk), oor 'n tydperk van twee weke. Die navorser en twee ko-terapeute, wat dieselfde opleiding ten opsigte van die intervensie ontvang het, het onderskeidelik die groepbesprekings gefasiliteer.

Deur 'n kreatiewe aksie soos teken met taal te kombineer word individue aangemoedig om hulle verantwoordelikheid, bewustheid, selfontdekking en verbintenis ten opsigte van hulle sketse te verhoog (Welter, 1994). Die betekenis wat die sketse of teken aksie (of beide) vir die proefpersone gehad het is deur middel van sokratiese dialoog in die groepe bespreek. Die fasiliteerders het gebruik gemaak van reflektering, aanmerkings tydens die besprekings en oop vrae, sodat proefpersone waardes kon herken en die positiewe in hulle lewe kon identifiseer. Die navorser het die keuse aan die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

proefpersone gelaat om te besluit of hulle hulle sketse aan die lede in die groep wil wys. Die logoterapeutiese groepsoefening het dus die geleentheid vir die proefpersone gebied om iets kreatiefs te skets (Fase een), asook die geleentheid om oor die uniekheid van hulle ervarings, waardes en interpersoonlike verhoudings te gesels (Fase twee).

Na die afloop van die tweede groepsbesprekingssessie is daar aan die proefpersone van die eksperimentele groep gevra om 'n kort opstel of paragraaf te skryf oor hulle ervarings ten opsigte van die logoterapeutiese groepsoefening en die groepsbesprekings.

Na afloop van die intervensie het die eksperimentele sowel as kontrole groep die PIL- en AVL-vraelyste voltooi.

Die kontrole groep het klasbesprekings tydens die ondersoek bygewoon. Drie maande na die afloop van die natoetsing het die kontrole groep die bergreeks-oefening deurloop.

5.5. Statistiese ontleding

As gevolg van die klein steekproef is 'n nie-parametiese statistiese tegniek die mees toepaslike (Bless & Kathuria, 1993). Die t-toets vir onafhanklike groepe en die Mann-Whitney U-test word beskou as die mees toepaslike toetse om beduidende verskille tussen twee groepe te bepaal (Pretorius, 1995). Die statistiese tegnieke is gebruik om vas te stel of die eksperimentele en kontrole groepe beduidend verskil in terme van 'n sekere veranderlike, naamlik, of die eksperimentele groep wat aan die intervensie blootgestel was verskil van die kontrole groep wat nie die intervensie ontvang het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. Resultate

In Tabel 1 word die Betekenis in die lewe-tellings aangedui om te bepaal of daar moontlike verskille tussen die eksperimentele groep se voor- en natoets en die kontrolegroep se voor- en natoets was.

Tabel 1

Die Voor- en Natoets Resultate van die Eksperimentele en Kontrole Groepe ten opsigte van die Betekenis in die Lewe Vraelys (PIL)

	Voortoets $\bar{X}$	**Natoets $\bar{X}$**	**GV**	**t**
Eksperimentele groep	92,20	99,70	29	-2,967 **
Kontrole groep	95,45	98,10	28	-1,272

** $p < 0,01$

Volgens Tabel 1 is daar 'n beduidende verskil tussen die voor- en nameting van die eksperimentele groep ten opsigte van die graad van sin en betekenis wat hulle ervaar het. Die eksperimentele groep toon 'n beduidende hoër sinsbelewing na afloop van die bergreeks-groepsoefening.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Tabel 2 word die Betekenis in die lewe-tellings van die 12 proefpersone in die eksperimentele groep wat tellings onder 91 op die PIL behaal het (dui op gebrekkige sinsbelewing), ontleed. Met die Wilcoxson toets word daar bepaal of daar moontlike verskille tussen die proefpersone van die eksperimentele groep se voor- en natoets was.

Tabel 2

Wilcoxson Resultate van die Proefpersone in die Eksperimentele Groep wat Onder 91 op die Betekenis in die Lewe Vraelys (PIL) Behaal het

Eksperimentele groep	**n**	**$\bar{X}$**	**SA**	**Minimum**	**Maksimum**	**z**
Voortoets	12	77.50	8.21	58	90	
Natoets	12	93.00	10.76	70	108	-3.061 *

* $p < 0,05$

Volgens Tabel 2 is daar 'n beduidende verskil tussen die voor- en nameting van die 12 proefpersone wat onder 91 tydens die voormeting op die PIL-vraelys behaal het. Die 12 proefpersone van die eksperimentele groep het beduidende hoër sinsbelewing tellings na afloop van die bergreeks-groepsoefening behaal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Tabel 3 word die AVL waarde-vraelys resultate aangedui om te bepaal of daar moontlike verskille was tussen die eksperimentele voor- en natoets en kontrolegroep voor- en natoets.

Tabel 3

Die Voor- en Natoets Resultate van die Eksperimentele en Kontrole Groepe ten opsigte van die AVL Waarde-Vraelys

		Voortoets $\bar{X}$	Natoets $\bar{X}$	gv	t
Teoreties:	Eksperimentele groep	46,30	44,23	29	1,485
	Kontrole groep	47,07	43,34	28	1,237
Polities:	Eksperimentele groep	49,73	47,40	29	1,462
	Kontrole groep	48,21	44,48	28	1,859
Ekonomies:	Eksperimentele groep	56,40	52,57	29	2,182 *
	Kontrole groep	54,00	49,21	28	2,039
Religieus:	Eksperimentele groep	52,43	49,77	29	1,799
	Kontrole groep	51,79	48,93	28	1,429
Esteties:	Eksperimentele groep	46,60	43,90	29	2,000
	Kontrole groep	45,00	44,28	28	,331
Sosiaal:	Eksperimentele groep	61,20	59,50	29	1,193
	Kontrole groep	57,72	55,28	28	1,108

* $p < 0,05$

Volgens Tabel 3 toon die eksperimentele groep 'n beduidende verskil tydens die voor- en nameting ten opsigte van die ekonomiese waarde. Die ekonomiese waarde in die eksperimentele groep het beduidend verlaag na die toepassing van die bergreeks-groepsoefening.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Tabel 4 word die voortoets resultate aangedui wat bereken is om te bepaal of daar moontlike verskille was tussen die voormetings van die eksperimentele en kontrole groepe se Betekenis in die lewe-tellings (PIL) en waardes-tellings (AVL).

Tabel 4

Die Mann-Whitney Resultate van die Eksperimentele en Kontrole Groepe Voortoets op die PIL- en AVL-Vraelys

Voortoets	**Mann-Whitney U**	**z**
Eksperimentele- en kontrole groep		
PIL	369,500	-,995
Teoreties	431,000	-1,443
Polities	340,000	-1,443
Ekonomies	369,000	-1,002
Religieus	389,500	-,691
Esteties	391,500	-,660
Sosiaal	316,000	-1,807

Volgens Tabel 4 het die voor-toetsmetings van die eksperimentele en kontrole groep nie beduidend verskil ten opsigte van hulle sinsbelewing (PIL) en waardes (AVL) nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Tabel 5 word die nameting resultate aangedui wat bereken is om te bepaal of daar moontlike verskille was tussen nametings van die eksperimentele- en kontrole groepe se Betekenis in die lewe tellings (PIL) en waarde-tellings (AVL).

Tabel 5

Die Mann-Whitney Resultate van die Eksperimentele en Kontrole Groepe Natoets op die PIL- en AVL-Vraelys

Natoets	**Mann-Whitney U**	**z**
Eksperimentele- en kontrole groep		
PIL	403,500	-,478
Teoreties	380,500	-,827
Polities	350,000	-1,290
Ekonomies	339,000	-1,458
Religieus	411,500	-,357
Esteties	425,500	-,144
Sosiaal	333,000	-1,548

Volgens Tabel 5 het die na-toetsmetings van die eksperimentele- en kontrole groep nie beduidend verskil ten opsigte van hulle sinsbelewing (PIL) en waardes (AVL) nie.

7. Bespreking en Gevolgtrekking

Volgens voormetingstellings het die eksperimentele- en kontrole groep nie beduidend verskil ten opsigte van Betekenis in die lewe-resultate nie (vergelyk Tabel 4). Hierdie resultate veronderstel dus dat die twee groepe vergelykbaar is. Na voltooiing van die bergreeks-oefening het die eksperimentele groep 'n beduidende verskil getoon tussen die voor- en nameting ten opsigte van hulle sinsbelewing (vergelyk Tabel 1). Die proefpersone van die ekperimentele groep het dus na die voltooiing van die bergreeks-oefening 'n hoër mate van sinsbelewing ervaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hutzell (1988) dui aan dat routellings van 113 en hoër op die PIL 'n aanduiding van besliste sinvolheidsbelewing en lewensdoelwitte is terwyl tellings tussen 91 en 113 'n mate van onsekerheid met betrekking tot lewenssin verteenwoordig. Met die aanvang van die ondersoek het die proefpersone in die eksperimentele groep 'n gemiddelde sinsbelewingstelling van 92,20 behaal, wat twyfel met betrekking tot lewensin weerspieël. Na afloop van die bergreeks-groepsoefening was die gemiddelde telling 99,70. Alhoewel die proefpersone tydens die nameting toon dat hulle nog steeds twyfel met betrekking tot lewenssin ervaar, dui die resultate aan dat hulle 'n beduidende hoër betekenis in die lewe na die logoterapeutiese groepsoefening ervaar het.

Bogenoemde bevindinge stem ooreen met die logoterapeutiese uitgangspunte wat veronderstel dat die hoofmotivering van gedrag die vervulling van betekenis in die lewe en die aktualisering van waardes is (Frankl, 1969). Volgens Frankl (1969) kan die mens betekenis in die lewe vind ongeag intellektuele vermoëns, omstandighede, geslag of kultuur. Laasgenoemde stelling word bevestig deur die ondersoek waar die proefpersone van die bepaalde kultuur, ten spyte van swak ekonomie, gebrek aan fasiliteite, swak behuising, oorbewoning en wan- en ondervoeding, betekenis in die lewe kan ervaar. Mense is gemotiveerd en het 'n wil-tot-sin, en indien hulle die geleentheid gegee word om die betekenisse in hulle lewe te evalueer en te ondersoek, sal hulle waarskynlik 'n verhoging in hulle sin en betekenis in die lewe ervaar (Van Wijk, 1995).

As 'n mens meer spesifiek kyk na individuele proefpersone, het twaalf proefpersone van die eksperimentele groep in die kategorie van gebrekkige sinsbelewing geval (tellings minder as 91). Met die aanvang van die ondersoek het die twaalf proefpersone in die eksperimentele groep 'n gemiddelde sinsbelewingstelling van 77,50 behaal, en tydens die nameting was die gemiddelde telling 99,70. Die na-toetsmetings (PIL) wat in Tabel 2 gerapporteer is, toon dat die twaalf proefpersone van die eksperimentele groep na die implementering van die bergreeks-groepsoefening 'n beduidend hoër sinsbelewing ervaar het. Die statisiek is verkry om aan te toon dat waar jeugdiges 'n groot mate van betekenisloosheid in hulle lewe ervaar, die logoterapeutiese intervensie van betekenisvolle waarde is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bognoemde bevindinge ondersteun die eerste navorsingshipotese, naamlik dat die implementering van die logoterapeutiese groepsoefening sal bydra tot 'n toename in sinsbelewing by die Graad 11 leerlinge. Hieruit kan afgelei word dat die implementering van die logoterapeutiese groepsoefening 'n positiewe invloed op sinsbelewing tot gevolg gehad het. Die bevindings van die ondersoek ondersteun vorige kwalitatiewe navorsing (Ernzen, 1990), waarvolgens die logoterapeutiese groepsoefening bydra tot hoër sinsbelewing. Die feit dat die proefpersone verhoogde sinsbelewing na die voltooiing van die bergreeks-groepsoefening gerapporteer het, wys daarop dat die proefpersone wel 'n behoefte het aan, en baat kan vind by, die logoterapeutiese groepsoefening.

Die tweede navorsingshipotese was dat die implimentering van die logoterapeutiese groepsoefening die waardes van die Graad 11 leerling betekenisvol sal beïnvloed. Die voor- en na-toetsmetings (AVL) wat in Tabel 3 gerapporteer is, toon dat die eksperimentele groep na die implementering van die bergreeks-groepsoefening beduidend verskil het ten opsigte van die ekonomiese waarde. Die bevinding word vervolgens verder bespreek.

Die ekonomiese persoon is prakties ingestel en geïnteresseerd in dit wat bruikbaar en nuttig is. Die persoon is byvoorbeeld geïnteresseerd in die vermeerdering van tasbare welstand en die bevrediging van fisiese behoeftes (Allport, Vernon & Lindzey, 1970). Volgens Frankl (1988) word die mens dikwels gedomineer deur 'n wil-tot-mag wat die wil-tot-betekenis oorheers, omrede die ekonomiese ingesteldheid huidiglik waardes voorstaan wat die mens se roeping en betekenis in die lewe blokkeer. Indien die mens gedomineer word deur 'n wil-tot-mag, word die betekenis in die lewe nie herken nie en fokus die mens eerder op die wyse hoe dinge verkry kan word as op sy toekoms. Geld kan egter nie al die behoeftes van 'n persoon vervul nie en om finansieël suksesvol te wees, beteken nie dat 'n persoon betekenis sal ervaar nie (Frankl, 1988). Die beduidende afname in die ekonomiese waarde kan moontlik daarop dui dat die proefpersone van die eksperimentele groep na die logoterapeutiese groefsoefening besef het dat ekonomiese welvaart en mag nie noodwendig tot betekenis en sinservaring lei nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kwalitatiewe inligting is verkry deur die opstelle wat die proefpersone in die eksperimentele groep geskryf het. Vervolgens word die ervarings en gevoelens van die proefpersone rakende die logoterapeutiese groepsaktiwiteit aangedui.

Die proefpersone in die eksperimentele groep het:

- verhoogde selfvertroue ervaar
- ondersteuning in die besprekingsgroepe ervaar
- meer bewus van mede Graad 11 leerlinge geword
- meer bewus van vriende en vriendskappe geword
- meer gemotiveerd gevoel om hulle drome te bereik
- ideale en drome rakende die toekoms duideliker geformuleer
- besef dat om hulle gevoelens met ander te deel positiewe gevolge kan hê
- besef dat hulle van ander se ervarings sowel as hulle eie ervarings kan leer
- meer gemotiveerd gevoel om hulle probleme te identifiseer, te herken en daardeur te werk

Die proefpersone in die eksperimentele groep het meer gemotiveerd en positief ten opsigte van hulle lewe en toekoms na die bergreeks-oefening gevoel. Die proefpersone het hulle lewensdoelwitte duideliker geformuleer, hulle het meer gemotiveerd gevoel om hulle drome te bereik en hulle probleme te identifiseer en op te los. Die lewensuitkyk van die proefpersone het verbreed deurdat hulle blootgestel is aan nuwe ervarings en bewus geword het van onderdrukte ideale en nuwe geleenthede, soos byvoorbeeld beroepsmoontlikhede (Bylae 4). Navorsing deur Ernzen en Hutzell (aangehaal in Ernzen, 1990) ondersteun dat die bergreeks-oefening individue meer gemotiveerd laat voel ten opsigte van hulle lewensdoelwitte en hulle aanmoedig om weg te beweeg van die negatiewe aspekte in hulle lewe.

Volgens die proefpersone het hulle meer bewus geword van vriende, mede Graad 11 leerlinge, onderwysers, familie en ouers. Verder het hulle meer bewus geword van hulle eie uniekheid en aangedui dat hulle selfvertroue na die groepsoefening verhoog het. Volgens Ernzen (1990) is die bergreeks-oefening 'n betekenisvolle oefening om individue aan te moedig om hulle uniekheid te herken. Belangrike waardes in die lewe van die proefpersone word deur die bergreeks-sketse (Bylae 3) aangedui, soos

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

byvoorbeeld sport, godsdiens, opvoeding, die gemeenskap en kultuur. Bogenoemde bevindinge van die huidige ondersoek stem ooreen met Frankl (1986) se waarnemings dat die logoterapeutiese groepsoefening individue aanmoedig om bewus te word van belangrike mense en waardes in hulle lewens.

Vanuit die kwalitatiewe inligting van die ondersoek het dit duidelik geblyk dat baie van die proefpersone dieselfde probleme ervaar en deel, en dat hulle nie net van ander, maar ook van hulle eie ervarings, kan leer. Die wete dat hulle nie alleen is nie, het tot gevolg gehad dat die proefpersone meer moed gehad het om hulle probleme te identifiseer en te hanteer (Bylae 4). Corey (1996) dui aan dat mense tydens groepsbesprekings of -terapie dikwels hulle eie probleme in ander mense herken, en besef dat hulle nie alleen in hulle worsteling is nie.

Die huidige ondersoek ondersteun die kwalitatiewe resultate van Ernzen en Hutzell (aangehaal in Ernzen, 1990) dat die logoterapeutiese groepsaktiwiteit gevoelens van gemotiveerdheid en uniekheid verhoog. In ooreenstemming met Hutzell en Ernzen (aangehaal in Ernzen, 1990) het die ondersoek dus gevind dat individue hulle lewe nuut in aanskoue neem, hulle handelinge en keuses beoordeel, waardes ontdek, bewus word van nuwe ervarings, en meer sin in die lewe ervaar.

Navorsing (Dansart, 1993; Frankl, 1983; Hutzell, 1986; Lukas, 1986) toon dat deur eksistensiële waardes te eksploreer, rigting aan die jeugdige se lewe gegee word, nuwe ervarings geopen word, persoonlike betekenis gevind word, en doelwitte ontwikkel word. Navorsingsresultate (Frankl, 1986; Lantz, 1993) ondersteun dat verhoogde sinsbelewing en bewuswording van waardes die eksistensiële vakuum en die simptome daarvan wat onder hedendaagse jeugdiges bestaan, verminder.

Die logoterapeutiese bergreeks-oefening het die eksperimentele groep van die ondersoek aangemoedig in die proses om hulle onderliggende waardestelsel na vore te bring en om die betekenis en sin in hulle lewe uit te daag. Daar kan dus met redelike sekerheid gesê word dat die logoterapeutiese intervensie, in die konteks van opvoedkundige doelwitte, die adolessent se ontwikkelingsfase en die huidige gebrek aan sin onder jeugdiges, van waarde is en in 'n wesentlike behoefte kan voorsien.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kritiek en aanbevelings

In die ondersoek is slegs die korttermyn effek van die logoterapeutiese groepsaktiwiteit ondersoek. 'n Longitudinale studie, wat die langdurige effek van die logoterapeutiese groepsoefening sal ondersoek, word aanbeveel aangesien die integrasie van waardes en 'n lewensfilosofie langer duur (Van Wijk, 1995).

Van Wijk (1995) rapporteer dat hoe langer die tydsduur van blootstelling aan logoterapeutiese intervensies is, hoe groter is die kans dat verandering by proefpersone sal plaasvind en hoe meer permanent van aard sal die veranderinge wees. Fase een van die bergreeks-oefening het 'n oggend geduur, terwyl Fase twee slegs uit twee groepbesprekingssessies (van 45 minute elk) bestaan het. Die tydsduur van die groepsaktiwiteit was moontlik te kort en het moontlik nie die gewenste veranderinge laat plaasvind nie, veral as na die waardes gekyk word.

Die AVL-vraelys is gestandaardiseerd op 'n kollege populasie en volgens Engstrom en Powers (aangehaal in Van Wijk, 1995) is die vraelys se woordeskat bo die vlak van die algemene, nie-kollege populasie. Dit is moontlik dat bogenoemde 'n rol gespeel het tydens die invul van die vraelys en die resultate moontlik beïnvloed het.

Die volgende aanbevelings kan gemaak word vir toekomstige navorsing waar daar van die logoterapeutiese bergreeks-oefening gebruik gemaak word:

- verdere studies kan moontlik baat vind deur ander areas, soos byvoorbeeld die interpersoonlike verhoudings en selfbeeld van proefpersone, statisties te ondersoek tydens die intervensie van die logoterapeutiese groepsoefening.
- Deur die studie te herhaal kan die geldigheid van die resultate geverifiëer word.
- Deur die logoterapeutiese groepsaktiwiteit op 'n meer diverse groep toe te pas kan die veralgemening van die invloed van die bergreeks-oefening verhoog word.

VERWYSINGSLYS

Addad, M. (1994). Self-transcendence in the schools. The International Forum for Logotherapy, 17, 93-95.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Allport, G.W., Vernon, P.E., & Lindzey, G. (1970). Manual for Study of Values. Boston: Houghton Mifflin.

Asagba, R. (1993). Logotherapy's knowledge and wisdom. The International Forum for Logotherapy, 16, 31-34.

Ausubel, D.P. (1957). Theory and problems of child development. New York: Grune & Stratton, Inc.

Bless, C., & Kathuria, R. (1993). Fundamentals of social statistics: An African perspective. Johannesburg: Juta and Co., Ltd.

Bugental, J.F.T., & Bracke, P.E. (1992). The future of existential-humanistic psychotherapy. Psychotherapy, 29 (1), 28-33.

Coetzer, P.H. (1997). "What the hell am I living for ?" A glossary of common terms in logotherapy for the layperson. Viktor Frankl Foundation of South Africa, 2 (1), 67-72.

Corey, G. (1996). Theory and practice of group counselling. California: Brooks/Cole Publishing Company.

Crumbaugh, J.C. (1968). Cross-validation of the PIL-test based on Frankl's concepts. Journal of Individual Psychology, 24, 74-81.

Crumbaugh, J.C., & Henrion, R. (1988). The PIL test: Administration, interpretation, uses theory and critique. The International Forum for Logotherapy, 11 (2), 76-88.

Cushman, P. (1990). Why the self is empty. American Psychologist, 45 (5), 599-611.

Dansart, B.R. (1993). Logophilosophy: Compass for an embattled education. The International Forum for Logotherapy, 16, 89-96.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Vos, H. M. (1993). Viktor Frankl: 'n Eksistensiële siening van persoonlikheid. In A. Möller (Red.), Perspektiewe oor persoonlikheid (pp 270-282). Durban: Butterworth.

Dienelt, K. (1984). The quest for meaning among today's youth. The International Forum for Logotherapy, 7 (2), 89-95.

Ernzen, F.I. (1990). Frankl's Mountain Range Exercise. The International Forum for Logotherapy, 13 (2), 133-134.

Fabry, J. (1988a). Dilemmas of today: Logotherapy proposals. The International Forum for Logotherapy, 11 (1), 27-30.

Fabry, J. (1988b). Guideposts to meaning. Oakland: New Harbinger.

Frankl, V.E. (1967). Psychotherapy and existentialism: Selected papers of logotherapy. New York: Washington square Press.

Frankl, V.E. (1969). Man's search for meaning. Boston: Beacon Press.

Frankl, V.E. (1972). The feeling of meaninglessness. A challenge to psychotherapy. American Journal of Psycho-analysis, 32 (1), 85-89.

Frankl, V.E. (1978). The unheard cry of meaning: Psychotherapy and humanism. New York: Simon & Schuster.

Frankl, V.E. (1980). Sê ja vir die lewe. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk.

Frankl, V.E. (1984). The meaning crisis in the first world and hunger in the third world. The International Forum for Logotherapy, 7 (1), 16-22.

Frankl, V.E. (1986). The doctor and the soul. New York: Alfred A. Knopf, Inc.

Frankl, V.E. (1988). The will to meaning. New York: Penguin Books.

Frankl, V.E. (1992). Meaning in industrial society. The International Forum for Logotherapy, 15 (2), 66-70.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Frankl, V.E. (1997). Man's search for ultimate meaning. Viktor Frankl Foundation of South Africa, 2, (1), 5-15.

Gerdes, L.C. (1988). Die ontwikkelende volwassene (Tweede uitgawe). Durban: Butterworths.

Henning, J.J. (1986). Die effektiwiteit van 'n logoterapeutiese verrykingsprogram. Ongepubliseerde meesterstesis, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Hirsch, B.Z. (1998). The application of logotherapy in public education. The International Forum for Logotherapy, 21, 65-71.

Hutzell, R.R. (1986). Logotheory: Implications for Personal Goals. The International Forum for Logotherapy, 9, (2), 125-129.

Hutzell, R.R. (1988). A review of the purpose in life test. The International Forum for Logotherapy, 11 (2), 89-101.

Iwundu, C.O. (1988). Logotherapy and African-oriented therapy. The International Forum for Logotherapy, 11 (1), 27-30.

Kalmar, S.S. (1988). The secular character of logotherapy. The International Forum for Logotherapy, 11 (1), 23-26.

Kroon, L. (1997). A psychiatrist looks at logotherapy. Viktor Frankl Foundation of South Africa, 2 (1), 63-66.

Lantz, J. (1993). Treatment modalities in logotherapy. The International Forum for Logotherapy, 16, 65-73.

Liddle, C. (1998). Macassar gemeenskapsprofiel. Macassar Biblioteek.

Long, J. (1995). The quest for meaning in the twenty-first century. The International Forum for Logotherapy, 9 (2), 71-79.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lukas, E. (1986). Youth- a continuous search for meaning. The International Forum for Logotherapy, 9 (2), 71-79.

Meyer, W. (1997). Logoterapie en die sielkunde. Viktor Frankl Foundation of South Africa, 2 (1), 36-43.

Morgan, J.H. (1983). Personal meaning as therapy. The roots and branches of Frankl's psychology. Pastoral Pscyhology, 31 (3), 184-191.

Mostert, W.C. (1978). 'n Literatuurstudie oor die logoterapie van Victor, E. Frankl en 'n empiriese ondersoek na die toepasbaarheid daarvan in die behandeling van die alkoholis. Ongepubliseerde Meesterstesis, Universiteit van die Oranje Vrystaat.

Olive, K.W. (1990). Meaning in drug treatment. The International Forum for Logotherapy, 13 (2),131-132.

Pohlers, W.L. (1983). The pursuit of meaning for the youth in the 1980's. The International Forum for Logotherapy, 6, 86-88.

Pretorius, T.B. (1995). Inferential statistics: Hypothesis testing and decision-making. Cape Town: Galvin & Sales.

Purvis, G.C. (1979). A philosophy of youth. In J.B. Fabry, R.P. Bulka & W.S. Sahakian (Eds.), Logotherapy in action (pp. 203-212). New York: Jason Aronson Inc.

Roffey, A.E. (1993). Existentialism in a post-modern world. Meaningful lessons for the counsellor. Counseling and Values, 37 (3), 129-148.

Roberts, H.C. (1982). Logotherapy's contribution to youth. The International Forum for Logotherapy, 3 (3), 19-21.

Ruffin, J.E. (1984). The anxiety of meaninglessness. Journal of Counseling and Development, 63 (1), 40-42.

Sappington, A.A., & Kelly, P.J. (1995). Purpose in life and self-perceived anger problems among college students. The International Forum for Logotherapy, 18, 74-82.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Shantall, H.M. (1996). What is meant by meaning. Viktor Frankl Foundation of South Africa, 1 (1), 42-53.

Silvius, J.R. (1984). Working with troubled adolescents. The International Forum for Logotherapy, 7 (2), 96-99.

Snyman, R. (1997). Dead Poets Society: die rol van die onderwyser in die leerlinge se soeke en strewe na die sin van die lewe vanuit 'n onderwysoogpunt. Viktor Frankl Foundation of South Africa, 1 (2), 61-65.

Soderstrom, D., & Wright, E.W. (1977). Religious orientation and meaning in life. Journal of Clinical Psychology, 33 (1), 65-67.

Stecker, R.E. (1981). The existential vacuum in Eastern Europe. The International Forum for Logotherapy, 4 (2), 79-82.

Steel, H. R. (1979). Die waardes van 'n groep voorligtingstudente en die ontwikkeling daarvan tydens opleiding. Ongepubliseerde meesterstesis: Universiteit Stellenbosch.

Van As, R.B. (1997). Die invloed van 'n sinsbelewingsprogram op 'n groep Christenstudente. Ongepubliseerde meesterstesis. Universiteit Stellenbosch.

Van Wijk, G. M. (1995). The influence of existential group therapy on the purpose in life, values and interpersonal relationships of third year psychology students. Unpublished master's thesis. University of Stellenbosch.

Welter, P.R. (1994). The element of suprise in the logoterapeutic treatment of adolescents. The International Forum for Logotherapy, 17, 8-13.

Wilson, R.A. (1997). Finding meaning through Frankl's socratic dialogue and Fromm's five needs of human condition: A group process for school counseling. The International Forum for Logotherapy, 20, 28-36.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 1

Die Betekenis in die lewe-vraelys

Naam en van :……

Instruksies :
Vir elk van die volgende stellings moet u die getal omkring wat ten opsigte van uself die naaste aan die waarheid is. U sal oplet dat die getalle strek van een uiterste gevoeltoestand tot by die teenoorgestelde gevoeltoestand. "Neutraal" beteken dat u nie seker is nie of dat u nie `n duidelike oordeel kan fel nie. Probeer om laasgenoemde beoordeeling van uself so min as moontlik te gebruik. Moenie `n vraag oorslaan nie, beantwoord elkeen. U antwoorde sal as volkome vertroulik beskou word.

1. Ek is gewoonlik:

1	2	3	4	5	6	7
uiters verveeld			(neutraal)			entoesiasties, lewenslustig

2. Die lewe is vir my:

7	6	5	4	3	2	1
altyd op-windend			(neutraal)			deurgaans geroetineerd

3. In die lewe het ek:

1	2	3	4	5	6	7
geen doelstellings of vooruitsigte nie		`	(neutraal)			duidelike doelstellings en vooruitsigte

4. My persoonlike bestaan is:

1	2	3	4	5	6	7
uiters betekenisloos, enige doel			(neutraal)			uiters sin in sonder betekenisvol

5. Elke dag is:

7	6	5	4	3	2	1
deurgaans opwindend en anders			(neutraal)			eentonig

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. As ek kon kies, sou ek:

1	2	3	4	5	6	7
liewers nie gebore wou wees nie			(neutraal)			graag my 'n paar keer wil belewe

7. Nadat ek afgetree het, sou ek:

7	6	5	4	3	2	1
graag die opwindende dinge wil doen, wat ek altyd graag wou doen			(neutraal)			slegs leeglê

8. In die verwesentliking van my lewensdoelstellings:

1	2	3	4	5	6	7
het ek absoluut geen vordering gemaak nie			(neutraal)			was ek uiters suksesvol

9. My lewe is:

1	2	3	4	5	6	7
leeg en vol van vertwyfeling			(neutraal)			gevul met opwindende sinvolle dinge

10. As ek vandag sou sterwe, sou ek voel dat my lewe:

7	6	5	4	3	2	1
baie betekenisvol was			(neutraal)			heeltemal sinloos was

11. As ek aan my lewe dink:

1	2	3	4	5	6	7
wonder ek dikwels hoekom ek bestaan			(neutraal)			sien ek altyd 'n rede wat my bestaan regverdig

12. As ek die wêreld in terme van my eie lewe interpreteer, is die wêreld:

1	2	3	4	5	6	7
uiters verwarrend			(neutraal)			in harmonie met my eie lewe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

13. Ek is `n:

1	2	3	4	5	6	7
uiters onver-antwoordelike			(neutraal)			uiters verant-woordelike persoon

14. Rakende die mens se vryheid om sy eie keuses te maak, dink ek dat die mens:

7	6	5	4	3	2	1
is absoluut vry om sy eie lewens-keuses te maak			(neutraal)			volkome gebind is deur invloede van oorwering en omgewing

15. Ten opsigte van die dood is ek:

7	6	5	4	3	2	1
voorbereid en nie bang nie			(neutraal)			onvoorbereid en bang

16. Ten opsigte van selfmoord het ek:

1	2	3	4	5	6	7
dit al ernstig oorweeg as 'n oplossing			(neutraal)			dit nog nooit eers 'n gedagte gegee nie

17. Ek sien my eie moontlikheid om `n betekenis, doel of roeping in die lewe te vind as:

7	6	5	4	3	2	1
uiters groot			(neutraal)			uiters skraal

18. My lewe is:

7	6	5	4	3	2	1
in my eie hande en ek is in volle beheer			(neutraal)			nie in my eie hande nie en word deur ek-sterne faktore beheer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

19. As ek my daaglikse werk in die gesig staar, is dit vir my `n:

7	6	5	4	3	2	1
bron van plesier en satisfaksie			(neutraal)			pynvolle en verveelde ervaring

20. Ek het ontdek dat ek:

1	2	3	4	5	6	7
geen roeping of doel in die lewe het nie			(neutraal)			duidelike doel stellings en bevredigende betekenis in die lewe het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 2

A.V.L

Op die volgende bladsye is daar 96 items. In elke item word `n sekere doelstelling, toestand, aktiwiteit of handeling beskryf wat beoordeel moet word op grond van die belangrikheid of wesenlikheid wat dit vir u as persoon inhou. Verskillende beoordelings kan vermaak work, naamlik glad nie belangrik of wenslik nie, nie belangrik of wenslik nie, neutraal, belangrik of wenslik en baie belangrik of wenslik. Dit kan soos volg op `n skaal voorgestel word:

1	2	3	4	5
Glad nie Belangrik of Wenslik nie	Nie belangrik of wenslik nie	Neutraal	Belangrik of wenslik	Baie langrik

Hierdie skaal verskyn bo-aan elke bladsy. U moet besluit in watter kategorie u elke doelstelling, toestand, aktiwiteit of handeling wil plaas. Aan die bokant van elke kategorie is `n syfer. U moet slegs die syfer wat ooreenstem met die kategorie wat u kies, aan die regterkant van die bladsy teenoor elke item neerskryf.

Voorbeeld:
Veronderstel u moet besluit oor die belangrikheid of wesenlikheid van een of ander aktiwiteit, genoem A. U kies miskien die kategorie Nie belangrik of wenslik nie. Die syfer bokant daardie kategorie is 2. Dus skryf u `n 2 teenoor die betrokke item, naamlik:

Aktiwiteit A ☐

Indien u enige ander kategorie sou gekies het, moes u die syfer wat met daardie kategorie ooreenstem in die blok neerskryf het. Beoordeel asseblief al die items en wees eerlik met uself. Die resultate sal as streng vertroulik beskou word.

Blaai om asseblief

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoe belangrik of wenslik is dit vir u om die volgende doelstellings, toestande, aktiwiteite of handelinge in u persoonlike lewe na te streef? Doen u beoordelings met behulp van die volgende skaal:

1	2	3	4	5
Glad nie Belangrik of Wenslik nie	Nie belangrik of wenslik nie	Neutraal	Belangrik of wenslik	Baie belangrik of wenslik

1.) om indien ek op `n plattelandse dorpie sou woon en meer as genoeg verdien om aan my behoeftes te voorsien, die aktiwiteite van plaaslike godsdienstige verenigings te bevorder ☐

2.) om op `n rusdag na `n besige week na `n orkesuitvoering te gaan luister ☐

3.) om te aanvaar dat `n goeie regering se mikpunt hoofsaaklik moet wees om die hoogste etiese beginsels in sy beleid en diplomasie in te voer ☐

4.) om indien ek op `n plattelandse dorpie sou woon en meer as genoeg verdien om in my behoeftes te voorsien, `n bydrae te lewer aan die welsynsorganisasie ☐

5.) om `n reeks gewilde lesings by te woon oor die bevordering van maatskaplike werk in die omgewing ☐

6.) om indien ek genoeg geld en vrye tyd tot my beskikking het, `n inrigting tot stand te bring vir die versorging van swaksinniges ☐

7.) om te aanvaar dat `n goeie regering se mikpunt moet wees om `n posisie van prestige en respek onder ander nasies te verstewig ☐

8.) om `n vriend te hê wat ernstig nadink aangaande sy houding teenoor die lewe as geheel ☐

9.) om `n reeks lesings by te woon waarin die vorms van regering in Brittanje en Suid-Afrika vergelyk en krities geëvalueer sal word ☐

10.) om `n boek te lees met die opskrif <u>Die Geskiedenis van die Nywerheid in Suid-Afrika</u> ☐

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1	2	3	4	5
Glad nie Belangrik of Wenslik nie	Nie belangrik of wenslik nie	Neutraal	Belangrik of wenslik	Baie belangrik of wenslik

11.) om as ek oor die nodige bekwaamhede beskik, `n bankier te wees ☐

12.) om na opvoerings te gaan wat handel oor die lewens van beroemde mense ☐

13.) om indien ek die vermoë het en omstandighede dit toelaat, gedurende `n vakansie in te skryf vir `n plaaslike sporttoernooi ☐

14.) om onselfsugtigheid en medelye as wenslike karaktertrekke te beskou ☐

15.) om die Bybel in sy geheel genome in die lig van sy pragtige mitologie en literêre styl te waardeer ☐

16.) om `n koerantberig met die opskrif Groot Verbetering in Marktoestande aandagtig deur te lees ☐

17.) om indien ek verbonde sou wees aan `n industriële organisasie, op te tree in `n besturende hoedanigheid ☐

18.) om my gedrag te rig volgens of getrou te wees aan my werk en kollegas of vennote ☐

19.) om indien ek die nodige bekwaamheid sou besit en die salaris was dieselfde as vir ander beroepe, `n wiskundige te wees ☐

20.) om te aanvaar dat `n goeie regering se mikpunt hoofsaaklik moet wees om nywerhede en die handel te ontwikkel ☐

21.) om in `n koerant die rubriek oor kunsgalerye, uitstalling en nuwe kunswerke te lees ☐

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1	2	3	4	5
Glad nie Belangrik of Wenslik nie	Nie belangrik of wenslik nie	Neutraal	Belangrik of wenslik	Baie belangrik of wenslik

22.) om voorbereiding met die oog op praktiese benutting en finansiële vergoeding te beskou as die belangrikste funksie van die opvoedkunde ☐

23.) om as ek en my intieme vriende (van my eie geslag) `n aand saam deurbring, te gesels oor letterkunde ☐

24.) om indien ek verbonde sou wees aan `n industriële organisasie, op te tree as `n raadgewer vir werknemers ☐

25.) om indien ek op `n plattelandse dorpie sou woon en meer as genoeg verdien om in my behoeftes te voorsien, by te dra tot die ontwikkeling van wetenskaplike navorsing ☐

26.) om `n persberig met die opskrif Nuwe Wetenskaplike Teorie Aangekondig aandagtig deur te lees ☐

27.) om `n vriend te hê wat kunssinnige en emosionele aanvoeling toon ☐

28.) om te aanvaar dat die moderne samelewing baat sal vind by `n groter kennis van die grondliggende beginsels van menslike gedrag ☐

29.) om indien ek genoeg geld en vrye tyd tot my beskikking het, beeldhouwerk of skilderye te versamel ☐

30.) om `n lewensmaat te kies wat wesenlik godsdienstig aangaande sy/haar houding teenoor die lewe is ☐

31.) om indien ek genoeg geld en vrye tyd tot my beskikking het, `n handels- of finansiële onderneming van my eie tot stand te bring ☐

32.) om hoë ideale en eerbied as wenslike karaktertrekke te beskou ☐

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1	2	3	4	5
Glad nie Belangrik of Wenslik nie	Nie belangrik of wenslik nie	Neutraal	Belangrik of wenslik	Baie belangrik of wenslik

33.) om die ontdekking van die waarheid as die hoofdoel van wetenskaplike navorsing te beskou ☐

34.) om indien ek die vermoë het en omstandighede dit toelaat, gedurende `n vakansie ondervinding op te doen in een of ander besigheidsrigting ☐

35.) om `n lewensmaat te kies wat in staat is om sosiale aansien te verwerf en wat die bewondering van ander afdwing ☐

36.) om as ek `n tentoonstelling bywoon, na `n uitstalling van nuutvervaardigde fabrieksware te gaan kyk ☐

37.) om indien ek by magte was om die openbare onderwysbeleid te beinvloed, die studie van sosiale probleme te bevorder ☐

38.) om my gedrag te rig volgens of getrou te wees aan `n strewe na dit wat mooi is ☐

39.) om op `n rusdag na `n besige week myself te probeer verryk deur die lees van ernstige boeke ☐

40.) om te aanvaar dat die oogmerk van die hedendaagse kerke behoort te wees om geestelike aanbidding en `n sin van gemeenskap met die Allerhoogste aan te moedig ☐

41.) om `n lewensmaat te kies wat daarvan hou om ander te help ☐

42.) om onderrig in sport as belangrik vir my kind te beskou ☐

43.) om die aanmoediging van volgelinge om `n groter belangstelling in die regte van ander te toon, te beskou as die belangrikste funksie van moderne leiers ☐

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1	2	3	4	5
Glad nie Belangrik of Wenslik nie	Nie belangrik of wenslik nie	Neutraal	Belangrik of wenslik	Baie belangrik of wenslik

44.) om `n vriend te hê wat bekwaam, ywerig en prakties aangelê is ☐

45.) om op `n rusdag na `n besige week te probeer wen in een of ander sport ☐

46.) om my gedrag te rig volgens of getrou te wees aan liefdadigheidsideale ☐

47.) om Wiskunde te beskou as uiteindelik die belangrikste studierigting vir die mensdom ☐

48.) om indien ek op `n plattelandse dorpie sou woon en meer as genoeg verdien om in my behoefdes te voorsien, by te dra tot die ontwikkeling van handels- en industriële ondernemings ☐

49.) om as ek en my intieme vriende (van my eie geslag) `n aand saam deurbring, te gesels oor die verbetering van sosiale omstandighede ☐

50.) om as ek die nodige vrye tyd tot my beskikking het, `n spesifieke vaardigheid of aanleg verder te ontwikkel ☐

51.) om `n reeks gewilde lessings by te woon oor hedendaagse skilders ☐

52.) om onderrig in godsdiens as belangrik vir my kind te beskou ☐

53.) om indien ek by magte was om die openbare onderwysbeleid te beinvloed die praktiese waarde van kursusse te verhoog ☐

54.) om te aanvaar dat alle bewyse wat reeds onpartydig byeengebring is, toon dat die wêreld tot sy huidige toestand ontwikkel het as gevolg van natuurlike oorsake ☐

55.) om indien ek die nodige bekwaamheid sou besit en die salaris was ☐

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dieselfde as vir ander beroepe, `n verkoopsbestuurder te wees

1	2	3	4	5
Glad nie Belangrik of Wenslik nie	Nie belangrik of wenslik nie	Neutraal	Belangrik of wenslik	Baie belangrik of wenslik

56.) om op `n rusdag na `n besige week na `n besondere goeie preek te gaan luister ☐

57.) om die praktiese gebruik van wetenskaplike navorsing as die hoofdoel van sulke navorsing te beskou ☐

58.) om indien ek die nodige bekwaamheid sou besit en die salaris was dieselfde as vir ander beroepe, `n politikus te wees ☐

59.) om die Bybel in sy geheel genome te beskou as `n geestelike openbaring ☐

60.) om indien ek die vermoë het en omstandighede die toelaat, gedurende `n vakansie `n oorspronklike biologiese verhandeling of artikel te skryf en te publiseer ☐

61.) om na ballet of soortgelyke verbeeldingryke opvoerings te gaan kyk ☐

62.) om indien ek die nodige bekwaamheid sou besit en die salaris was dieselfde as vir ander beroepe, `n predikant te wees ☐

63.) om na opvoerings te gaan waarvan die tema handel oor menslike lyding en liefde ☐

64.) om indien ek my in `n geskikte posisie bevind, die openbare mening te beinvloed ☐

65.) om as ek en my intieme vriende (van my eie geslag) `n aand saam deurbring, te gesels oor die betekenis van die lewe ☐

66.) om voorbereiding vir deelname aan gemeenskapsaktiwiteit en hulpverlening aan minderbevoorregtes te beskou as die belangrikste funksie van die opvoedkunde ☐

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1	2	3	4	5
Glad nie Belangrik of Wenslik nie	Nie belangrik of wenslik nie	Neutraal	Belangrik of wenslik	Baie belangrik of wenslik

67.) om die Teologie te beskou as uiteindelik die belangrikste studierigting vir die mensdom ☐

68.) om `n persberig met die opskrif Hooggeregshof lewer Uitspraak aandagtig deur te lees ☐

69.) om in `n koerant die afdeling oor die eiendoms- en aandelemark te lees ☐

70.) om te aanvaar dat die moderne samelewing baat sal vind as groter aandag aan die regte en welvaart van sy lede gegee word ☐

71.) om `n lewensmaat te kies wat kunssinnig aangelê is ☐

72.) om indien ek my in `n geskikte posisie bevind, die algemene lewenstandaard te verbeter ☐

73.) om die verwesenliking van praktiese doelstellings te beskou as die belangrikste funksie van moderne leiers ☐

74.) om te aanvaar dat die oogmerk van die hedendaagse kerke behoort te wees om neigings tot onbaatsugtigheid en barmhartigheid na vore te bring ☐

75.) om te aanvaar dat `n goeie regering se mikpunt hoofsaaklik moet wees om meer hulp te verleen aan siekes, armes en oues van dae ☐

76.) om indien omstandighede dit toelaat, gedurende `n vakansie na `n afgesonderde deel van die land te gaan waar mens die mooi natuurskoon kan bewonder ☐

77.) om as ek `n tentoonstelling bywoon, na `n uitstalling van wetenskaplike (bv. chemiese) apparaat te gaan kyk ☐

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1	2	3	4	5
Glad nie Belangrik of Wenslik nie	Nie belangrik of wenslik nie	Neutraal	Belangrik of wenslik	Baie belangrik of wenslik

78.) om indien ek die nodige vermoë het, en ek is `n professor aan `n universiteit, poësie te doseer ☐

79.) om te aanvaar dat alle bewyse wat reeds onpartydig byeengebring is, toon dat `n Hoërhand merkbaar is in die ontwikkeling van die wêreld tot sy huidige toestand ☐

80.) om indien ek genoeg geld en vrye tyd tot my beskikking het, te streef na `n senatorskap of poësie in die kabinet ☐

81.) om as ek en my intieme vriende (van my eie geslag) `n aand saam deurbring, te gesels oor wetenskaplike ontwikkeling ☐

82.) om indien ek die nodige vermoë het, en ek is `n professor aan `n universiteit, Fisika en Chemie te doseer ☐

83.) om na opvoerings te gaan waarin `n bepaalde standpunt voortdurend bepleit word ☐

84.) om `n boek to lees met die titel Die Geskiedenis van die Godsdiens in Suid-Afrika ☐

85.) om `n vriend te hê wat in staat is om te organiseer en wat leierseienskappe besit ☐

86.) om `n reeks lesings by te woon oor die ontwikkeling van die vernaamste godsdienstige gelowe ☐

87.) om wanneer ek in `n wagkamer is, `n tydskrif met die titel Kuns en Versiering te lees ☐

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1	2	3	4	5
Glad nie Belangrik of Wenslik nie	Nie belangrik of wenslik nie	Neutraal	Belangrik of wenslik	Baie belangrik of wenslik

88.) om indien ek oor die nodige bekwaamheid beskik, `n politikus te wees ☐

89.) om my gedrag te rig volgens of getrou te wees aan my godsdienstige beginsels ☐

90.) om as ek die geleentheid sou hê om iets te stig wat nie in die gemeenskap bestaan nie, `n orkes vir klassieke musiek te stig ☐

91.) om `n koerantberig met die opskrif Kerkleiers Beraadslaag oor Hereniging aandagtig deur te lees ☐

92.) om indien ek die nodige vrye tyd tot my beskikking het, vrywillige openbare of sosiale diens te lewer ☐

93.) om wanneer ek in `n wagkamer is, `n tydskrif met die titel Die Wetenskaplike Eeu te lees ☐

94.) om as ek die geleentheid sou hê om iets te stig wat nie in die gemeenskap bestaan nie, debatsvereniging te stig ☐

95.) om indien ek my magte was om die openbare onderwysbeleid te beinvloed die studie van en deelname aan musiek en skone kunste te bevorder ☐

96.) om indien ek my magte was om die openbare onderwysbeleid te beinvloed, voorsiening te maak vir bykomende laboratorium-geriewe ☐

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 3

Bergreeks-sketse

Stellenbosch University http://scholarsun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Watter gebeure het 'n invloed op die lewe → gespeel

Wie is die mense wat 'n invloed in julle lewe gespeel het

Wat sal julle op die plek place

Wat siem julle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DIE PERSOON WAT DIE IKOOTREL IN MY IENE SKEEL IS DIE HEER JESUS CHRIST DIE VERLOSSER EN REDDER.
DIT IS HAYID MY ACEL OM N CHRISTEN TE WEES TOT IN DIE [illegible] WAT DIE WERELD



Stellenbosch University http://scholarship.ac.za





GEWELD EN BENDEAKTIWITEITE HET INVLOED GESPEEL

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



116

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

my lewe is vir my 'n raaisel want ek weet nooit waar ek met myself staan nie tot die een dag

IN DIE EERSTE PLEK IS WAT EK HIER GETEKEN OF GESKRUF HET VIR MY BELANGRIK MAAR WAT VIR MY KAN MEER BETEKEN HET AS MY OUERS OF ENIGE IETS OF IEMAND ANDERS IS GOD EK HET BESEF DAT REG ALLES EN RUITMIL DOEN EN BETEKEN IETS VIR MY EN BAIE DINGE HET AL GEBEUR KAN MY WAT BESEF HET DAT NET EEN IEMAND IS. VERANDWOORDELIK VIR DIE VERANDERING IN MY LEWE. EN WAAS BIT NIE VIR DIGTERLIK IEMAND WIE SOU EK NIE KON DEURGAAN WAARDELIK EK NOU GAAN OM TE BESEF DAT DAAR WEL DINGE IS WAT JOU LEWE WEL KAN VERANDER.

my ouers is my inspirasie, my hoop my toekoms en ek het alles te danke aan hulle.

AS EK NA MY LEWE KYK SIEN EK HOE DIT KLAS EN HOE DIT VERANDER HET EN DIT NET TERWILLE EN TE DANKE KAN EEN PERSOON. WAT MY LEWE DRASTIES VERANDER HET.

DIE KERK BETEKEN VIR MY SO BAIE DAT EK DIE GEBEURE WAAR MY LEWE VERANDER HET HIER KAN VIND HET EN DIE INSPIRASIE VAN MY JULLE TEGNUGE HIER KAN KRY. BAIE DINGE EN MENSE KAN JOU OP 'N BAIE LELIKE MANIER VERANDER MAAR DAAR KAN EK NIER NOT WERK KAN TOE GAAN EK WEL WEES HEEL MY OUERS IS OOK DEEL VAN MY VERANDER MAAR EK GLO DAARAAN DAT GOD DEUR MY OUERS WERK OM BY MY UIT TE KOM.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



* My [illegible] my [illegible] opgepak het [illegible] ek [illegible] langer [illegible].
* My [illegible] [illegible] 2 [illegible] [illegible] my [illegible] [illegible] [illegible] dadelig [illegible] my [illegible] [illegible] het
* Kieter [illegible] [illegible] opgepak ek [illegible] my [illegible] [illegible] [illegible] ek [illegible] ek [illegible] [illegible] spöft
* Ek [illegible] [illegible] lees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 4

Kwalitatiewe inligting: Opstelle van die proefpersone in die eksperimentele groep

(Skuins opsigtelike gedrukte woorde dui temas aan)

My droom is om my rekenaar besigheid te besit. Ek het ***meer bewus geraak van my mede graad elf leerlinge,*** meer insig aangaande hulle bekom. Ek wil ook baie graag matriek met vrystelling slaag. Ek het besef dat ek my ***vriendekring op skool verder kan uitbrei*** as my klasmaats. Ek het ook agtergekom dat mense veral skanse opbou om hul vriende tevrede te stel. Deur dat hulle hul goeie eienskappe daardeur verberg.

Ek het baie dinge ***geleer van ander mense en hulle van my*** en ek dink ***ek sal vashou aan my droom*** om 'n maatskaplike werker te word. Ek het dit baie geniet en sien uit na 'n volgende keer.

Ek is nie tevrede met my vak keuses nie***. Ek het gedink daar is nie vir my 'n uit weg nie maar ek het geleer in hierdie sessies dat daar is***. Alhoewel ek wiskunde, rekeningkunde, natskei gehê dit vir 'n vakkeuse is dit nie nie die einde van jou lewe nie. ***Jy kan kreatief wees d.m.v. om met jou hande te werk.*** Miskien self vir jou 'n besigheid oprig. So kan jy jou geld verdien.

Ek het baie geleer ***selfvertroue***. Ek sal nogals graag alleen met Ilke praat oor my probleme. Ek sal graag 'n afspraak wil reël.

My droom is om eendag 'n meganiese ingeneur te word. ***Maar voor ek dit wil beryk moet ek eers my skoolloopbaan eindig***. Ek beoefen hierdie onderwerp van klein af saam met my pa.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek wil net vir julle baie dankie sê vir julle tyd wat julle opgeoffer het om te kom gesels met ons. Ek het ***baie geleer*** en ek sal dit oorgaan dra aan die ander. Ek hoop ek sien julle weer.

Ek het geleer om my gevoelens met ander te deel en om te praat oor my historiese verlede.Ek voel dat die groepe moet bestaan uit kleiner groepe want ek het nie vry gevoel om oor my huislike probleme te praat nie.

Dit was baie interessant ***om te leer uit elkeen se probleme. Ek het geleer om selfvertroue in myself te hê en altyd te leer uit jou foute***. Dit was 'n plesier om ander te ontmoet wat ek nie geken het nie. Ek gaan in die sielkundige bedryf of 'n ontwerper word.

My droom is om eendag 'n argitek te word, maar ek moet die vakke het om verder te studeer. En het 'n droom om eendag krieket vir Suid-Afrika te speel.

Ek het hieruit baie geleer en ek kon baie dinge van ander jongmense hoor en net so ook kon hulle ***by my dinge leer***. Dit was aangenaam om sulke lieflike mense soos julle te ontmoet en ek hoop dat ons in die gevolg meer van julle sal hoor. Geniet julle tyd verder. Nogmaals baie dankie dat julle ook ons skool kon kom besoek.

Dit was 'n plesier om deel van die groep te kon gewees het. Veral die tekeninge.

Ek wil net baie dankie sê vir jul ondersteuning van my kant af. Ek het die baie geniet. Dit was lekker om my gevoel en ***dinge saam met julle te deel***. Dit was ook opwindend. Dit was baie belangrik vir my en nogmaals baie dankie.

Dit was baie interessant en ek het baie goed daaruit geleer, ***baie van ander geleer*** en ontmoet. Ek wil graag 'n bankteller/rekenmeester word, verder gaan studeer, wil skool klaar maak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek het dit baie geniet. Ek goed gedoen wat ek nog moet gedoen het nie, byvoorbeeld praat oor my probleme wat ek nie eintlik doen nie. Ek wil julle net dankie sê vir alles. Dit was vir my baie interresant en belangrik.

Al die sessies was vir my baie interesant. Ek kon nog nooit my gevoelens voor ander mense gepraat het nie. ***Ek het geleer jy moet oor jou probleme moet praat*** en dan voel jy sommer baie beter ***In my skool loopbaan het ek geleer om meer in te sit wat ek kan om my droom te bereik.***

Ek het geleer dat ek nie maklik oor my innerlike gesels nie of my gevoelens nie want ek voel bang. ***Ek het 'n beter ideaal gevind omtrent my toekoms soos bv. wat ek wil doen.*** Ek voel ook nie meer soos 'n minderjariger nie.

Ek wil graag my lewe verander en ophou dink wat met my gebeur het. ***Ek wil graag iets word in die toekoms en dit na my skoolloopbaan te voltooi***. Ek het nou baie dinge gehoor in die gesprek. Daar was vrae gevra en ek was te skaam om te antwoord. Daar was probleme en ek het daaroor gepraat met my neef en hy het met my auntie en uncle daaroor gepraat en dit is nou opgelos.

Ek dink ***ek het baie geleer***. ***My verhouding tussen vriende en ouers het baie verander***. Met my sokker afrigter het dit baie goed met my sokker talent geoefen. Ek dink daar is nog plek vir verbeteringe. My daaglikse lewe is nog onvoorspelbaar. Ek weet nie of dit negatief of positief is nie. Ek dink teen volgende jaar gaan ons Johannesburg toe en as ons daar inkom gaan ons L.A toe. Dit sal ons baie harde en gedissiplineerde dancers maak as ons na L.A. toe gaan. Maar voor ons gaan is dit eerste Shell Road to Fame toe vir die eerste hits wat ons alreeds in Cape Town gedans het. Nog die finale hits salt die Hit Squad seker nog beter moet vaar as ons alleen L.A. toe gaan. Dit sal ons baie geld kos, ons sal dus hard moet werk om hieroor te gaan. Ons moet net seker maak ons kan by Shell Road to Fame in kom.

Ons het kans gekry om ons emotions te express en om te luister na nader se emotions alhoewel die tyd so kort was het ek ***baie van die ander people geleer***. Ek hoop net

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ons kan meermale ons ***feelings so express soos wat ons hier by die beweging gemaak het.***

Ek het ***baie geleer uit die sessies*** wat ek bygewoon het. Ander se probleme was soos dieselfde as myne. Although kan hulle iets daaraan doen is dit impossible vir my. Die dinge wat my gelukkig sal maak lê in my skoot maar dit is in 'n box met 'n slot en die sleutel is in iemand anders se hande - my ma se hande. Ek weet sy wil hê dat ek moet gelukkig wees maar haar man laat dit nie toe nie. As ek vir hom gaan sê wat op my mind is, is ek bang ek gaan haar seer maak. Dit is een ding wat ek nie wil doen nie. Ek het soveel haat in my vir hom dat ek nie kan help om vir hom dood te wens nie. As hy uit my lewe is sal ek weer my drome terug kry, ek sal gelukkig wees net ek en my moeder. Op die oomblik lyk dit of ek die res van my lewe ongelukkig sal wees. ***Ek moet seker daardeur werk.***

Ek het in die sessies geleer om my probleme te face but dit is baie hard. Ek en pa kom heeltemal nie goed oor die weg nie. My ma staan my somtyds by. En dit maak my baie seer. Hoe kan ek aan my toekoms werk as ek probleme het waaroor ek nie saam met hulle kan deel nie. Ek moet maar net alles vir myself hou. Ek het 'n vriendin gehad. Hy het my verbied om haar te sien. Iemand in wie ek kon vertrou, dinge deel wat my plae of probleme uitpraat. Iemand wat my altyd kan aanmoedig. Iemand in wie ek kan vertrou. Hy het een groot deel in my lewe weggevat.

Ek het eerstens geleer om my probleme in die oë te kyk soos byvoorbeeld met my ouers hulle is wel my standvastigheid maar ek haat dit hoe hulle my verantwoordelik hou vir als ek voel somtyds om selfmoord te pleeg ek haat die manier hoe hulle tewerke gaan om hul verskille uit te werk. Ek weet ek is die oudste maar dit voel vir my om die oudste te wees het soveel laste op my skouers jy moet verantwoordelik wees en terwyl jy nog jou skoolwerk en jou ander goed ook het aan wie jy aandag moet skenk ek voel net alles raak te veel vir my. Maar ek voel ek het soveel haat in my vir my ouers ander mense en my haat en en al my probleme ly my tot dinge wat ek my nog nooit voorgestel ek sou doen nie. Ek dink dat ek die een oomblik iets leer maar dan eindig ek af maar net terug waar ek was en ek glo nie ek sal ooit kan verander nie. My lewe is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

net 'n vlop miskien as ek doodgaan sal niemand my mis nie want niemand verstaan my nie. Ek dink dat alles en almal net vir my te veel raak.